## VAN STAMVERWANTE BODEM

Op 24 Oktober 1970 het die *Koninklijke Zuidnederlandse Maatschappij voor Taal- en Letterkunde en Geschiedenis* sy eeufees in die Koninklijke Biblioteek Albert I, Brussel, herdenk. 'n Groot aantal vooraanstaande Vlaminge soos Hendrik Conscience, Van Beers, Alfred Rondebach en Tony Bergmann kan tot die oudste lede van 'n vereniging gereken word wat tans 500 tel.

Die *Algemeen Nederlands Verbond* het in September 1970 sy 75-jarige bestaan in Dordrecht gevier. Voorsitter dr. W. H. van den Berge het in sy openingsrede in die historiese Grote Kerk o.m. verklaar dat die ANV uit twee inisiatiewe gegroei het wat onderskeidelik in Brussel en Dordrecht die lig gesien het. In 1895 het Hippoliet Meert in Brussel die ANV gestig. In 1898 is in Dordrecht 'n verbond in die lewe geroep wat 'n voortsetting was van die inisiatief wat in Brussel geneem is. Albei organisasies het voortgekom uit die besorgdheid oor die bedreiging van die Nederlandse kultuur- en taalgemeenskap. Voorsitter Van den Berge het o.m. verklaar: „Er is een bedreiging van binnen uit: Het besef van deel uit te maken van een eigen kultuurgemeenschap is bepaald zwak, zo men al de waarde er niet van betwist. Speciaal voor Noord-Nederland, vind ik, is het bewustzijn van eigen kultuurbezit gering en dat is te verklaren uit de eeuwenlange 'vanzelfsprekendheid' van het bezit van een eigen leefwijze. Teken aan de wand is hier het klakkelose overnemen van vreemde woorden en uitdrukking en het slordig gbruik van de eigen taal." Belangstellende lesers kan meer hieroor in *Neerlandia* (jg. 74, Des. 1970) lees.

In *Ons Amsterdam* (jg| 23, no. I, Jan. 1971) het F. J. Dubiez se eerste bydrae oor *De Amsterdamse Joffers* verskyn, waarin die skrywer o.m. verwys na die Amsterdamse skilder J. G. Schwartze, die talentvolle dogter, mev. Thérèse van Duyl-Schwartze en haar niggie, Maria Georgine Ansingh. Soos bekend het mev. Van Duyl-Schwartze o.m. die Boeredeputasie van 1902 geskilder.

*Quaerendo* is die titel van 'n nuwe Nederlands-Belgiese kwartaalblad met betrekking tot manuskripte en gedrukte boeke waarvan deel I/I 1971 onlangs by die uitgewery *Theatrum Orbis Terrarum,* O.Z. Voorburgwal 85, Amsterdam, Nederland, verskyn het. Die bydraes is, behalwe waar hulle in Engels geskrywe is, van 'n opsomming in laasgenoemde taal voorsien. Interessant is P. S. Morrish se bydrae *A collection of seventeenth-century book sale catalogues,* wat in die Merton College-biblioteek, Oxford, aanwesig is en hoofsaaklik deur Elsevier gedruk en versprei is.

Prof. dr. Garmt Stuiveling het, deur sy jongste publikasie *Memoriaal van Bredero* (Tjeenk Willink-Noorduyn, Culemborg, 1970) nie alleen die liefhebbers van die letterkunde aan hom verplig nie, maar terselfdertyd 'n groot deel van die inhoud van hierdie werk aan staatkundige kulturele en militêre besonderhede tussen 1581 en 23-8-1618 gewy, die trou- en sterfjaar van Bredero. Reproduksies van portrette, prente en handskrifte verlewendig die teks van hierdie *Documentaire van een dichterleven.* Die studie kan as 'n belangrike kultuurhistoriese aanwins beskou word.

Van die hand van Jaap ter Haar, het by die uitgewery Fibula — Van Dishoeck, Bussum, Nederland, die eerste deel van *Geskiedenis van de Lage Landen* (pp. 432) verskyn. Hierdie deel behels die prehistorie, die Romeinse tyd en die Middeleeue. Deel II sal aan die tydvak van die Bourgondiese tyd tot die Twaalfjarige Bestand (1609) gewy word. Die derde van die einde van die Tagtigjarige oorlog tot die Franse Rewolusie en deel IV die tydperk van 1795 tot hede. Die skrywer het o.m. saam met prof. dr. K. Sprey *De geschiedenis van het Romeinse keizerrijk* geskrywe. By die totstandkoming van die *Geschiedenis van de Lage Landen* word hy deur 'n adviesraad van deskundiges bygestaan. Ter Haar strewe daarna om, in die vorm van 'n verteltrant, afgewissel deur tweegesprekke e.d.m., die geskiedenis op 'n boeiende, leesbare en wetenskaplike verantwoorde wyse aan te bied. In sy „Woord vooraf" antwoord hy op die vraag hoekom hy bogenoemde taak aangepak het, o.m. . . . *omdat een volk, dat in het heden leeft en het verleden niet kent, gevaarlijk doelloos naar die toekomst zweeft.*

Uit die inhoud blyk duidelik dat die skrywer 'n besondere breë leserskring met sy werk probeer bereik. Wat my veral in die eerste deel getref het, is die groot vorderinge wat in Nederland met betrekking tot die argeologie gemaak is. Op dié wyse is kosbare nuwe lig op die prehistoriese sowel as op die Romeise

tydperk in die geskiedenis van die Nederlande gewerp. Die illustrasies in hierdie werk is van 'n besonder hoë gehalte. Die volledige werk sal uit ongeveer 1 600 bl. teks met meer as 1600 afbeeldings bestaan. Die prys per deel is ongeveer R8.

In Leiden het in Januarie 1971 644 onderdele van die Egiptiese tempel van Taffa aangekom. Hulle vorm 'n geskenk van die Egiptiese aan die Nederlandse regering na aanleiding van die Nederlandse aandeel tot die redding van die kunsskatte in Nubië. Die tempel sal in Leiden heropgerig word.

Aflewerings 8, 9 en 10 van die *Nachbarn*-reeks, uitgegee deur die kulturele afdeling van die Nederlandse ambassade, Bonn, is van 'n veelsydige inhoud. Die skrywer, Hermann Kestern, verstrek in sy *Hymne für Holland* besonderhede oor die werksaamhede van Nederlandse uitgewers wat tydens die Hitler-tydperk, tot die Duitse-inval in Nederland (1940), die werke van uitgeweke Duitse skrywers gepubliseer het. Onder dié uitgewers was die firmas Alert de Lange (Amsterdam) en Querido (Amsterdam, later N.York). Die skrywer gaan terug na die sewentiende eeu om die vermelde verskynsel te verklaar. Prof. dr. H. W. von der Dunk (Utrecht) se onderwerp in afl. 9 is *Zum Problem des Nationalismus in Europa.* Die skrywer definieer die begrip nasionalisme en verklaar o.m. dat die nasionalisme die mense nie versleg het nie. Die toekomstige Europa staan nie meer in die teken van die nasionalisme nie, maar dit wil nie sê nie dat daarmee alle gebreke geheel is nie. Ook moet onthou word dat Europa reeds geruime tyd nie meer alleen die verloop van die wêreldgeskiedenis bepaal nie, aldus genoemde skrywer. Prof. dr. E. M. Wallner (Heidelberg) behandel die onderwerp *Vorulteil und Völkerverständigung.* (no. 10).

In die werk *De Zingende Torens van Nederland* (Dinkelstraat 2, Enschede, Nederland), wat sedert 'n paar jaar in afleweringe verskyn, is o.m. gegewens oor die stadhuistoring van Zierikzee, die St. Jacobstoring (Vlissingen), die stadhuistoring van Rotterdam, die St. Barbaratoring (Culemborg) en die Suidertoring (Amsterdam)). Nommer 15 van die *AAG Bijdragen,* 'n gesaghebbende publikasie van die afdeling Argrarische Geschiedenis, Landbouwhogeschool Wageningen (1970) bevat o.m. die volgende studies: *Vrijheid en lijfeigenschap in agrarisch Europa* (16e-18e eeuw), 'n bydrae oor die paleodemografie (d.i. die historiese demografie van die voorskriftelike verlede) en die studie *Oogsten, klimaat en conjunctuur in het verleden* van die hand van prof. dr. B. H. Slicher van Bath. 'n Aantal van die bydraes in hierdie aflewering is van opsommings in Engels voorsien.

Ten slotte vestig ek die aandag van die lesers op aflewering I van die kwartaalblad *Plural Societies* (Posbus 4566, Den Haag), waarin o.m. prof. Clemens Amelunxen se bydrae *The Rule of Law in multinational South Africa* en oorsigte soos die volgende: *Major territorial disputes between African countries in the sixties* en *Major exoduses of refugees from African countries in the sixties* voorkom.

Dr. J. Ploeger.